**AS**

# ITOU 2016: Terugvoer rakende die aangekondigde kontaksessie

# Potchefstroomkampus

| | |
|---|---|
| **Kandidaat:** | **Tasleem Sayed** |
| **Fakulteit:** | **Gesondheidswetenskappe** |
| **Kontaksessie:** | **Aangekondig** |
| **Module:** | **BSWG 223** |
| **Onderwerp:** | **Basiese Konsepte** |
| **Datum:** | **25 Julie 2016** |

Hierdie verslag fokus op die kwaliteite in u onderrig-en-leerbenadering wat studente se leer bevorder en ook op dié aspekte waaraan u aandag kan gee met die oog op verbetering van u fasiliteringsvaardighede en ontwikkeling van 'n leeromgewing.

## 1 Sterk punte

- Die kontaksessie is goed beplan en gestruktureerd aangebied.
- U het aan die hand van vrae en 'n baie interessante aanknoping die studente se aandag vasgevang.
- Die diagramme en skyfies wat u voorberei het is baie effektief gebruik om die inhoude makliker verstaanbaar te maak.
- U vakkundigheid het oortuig gedurende die aanbieding en dit lei daartoe dat u die studente met respekvolle gesag hanteer.
- Dit is baie duidelik dat u besondere moeite met die skyfies gedoen het. Dit is van hoogstaande gehalte en is effektief aangewend om die leergebeure te lei en te ondersteun.

## 2 Algemene kommentaar en wenke

### 2.1 Aanloop

- Die klas het met 'n sinvolle aanloop begin: Voorkennis is op oorspronklike wyse opgeskerp, uitkomste is duidelik gestel en die rasionaal en relevansie van die leerinhoud is beklemtoon.
- Die inleidende woord-soek aktiwiteit het die studente dadelik by die leergebeure betrek en u het daarin geslaag om daarop voort te bou.
- U het goeie beheer oor die klasgebeure. Herhaling van vrae en antwoorde het die studente betrokke gehou.
- Die studente se voorkennis is wel herroep, maar u kan dalk meer inskerping hier toepas in die toekoms.

### 2.2 Verloop

- Die leergeleentheid is wel die op vlak van die studente, maar u kan daarop fokus om hulle dalk bietjie meer uit te daag.
- Die groepwerk wat u beplan het word effektief geïmplementeer en die onderrigmetodes is genoegsaam afgewissel.
- Alhoewel dit goeie praktyk is dat die studente self voorbeelde verskaf in terme van die teorie, is dit ook raadsaam om dalk meer voorbeelde aan hulle te verskaf wat direk verband hou met maatskaplike werk as professie. Dit sal die waarde van die leergeleentheid verder verhoog en die verband tussen teorie en praktyk uitlig.
- U slaag daarin om goeie interaksie met die studente te bewerkstellig en die studente kry ook genoegsame geleentheid om onderling interaktief betrokke te wees. Dit is duidelik dat u poog om ŉ aktiewe leergeleentheid vir die studente te skep waartydens hulle geleentheid het om self die inhoudelike te ontdek.
- U openbaar baie goeie fasiliteringsvaardighede en het ‘n oop dog ferm ingesteldheid teenoor die studente. Dit is duidelik dat u hantering van die studente vertroue inboesem en effektiewe leer aanmoedig.
- Alhoewel u duidelik oor die vermoë beskik om die belangrike konsepte deeglik te verduidelik, moet u daarteen waak dat dit nie in ŉ veralgemening verval nie. Fokus daarop om die konsepte direk in verband te bring met maatskaplike werk as praktyk.
- U stel op ŉ deurlopende wyse vrae aan die studente. Werk in die toekoms daaraan om ŉ groter verskeidenheid vrae en uitdagings te stel ten einde ŉ meer in-diepte bespreking te bewerkstellig.
- Die klaskamer tegnologie word effektief aangewend om die leergeleentheid te ondersteun en u gebruik van “socrative” is baie kreatief.
- U het ŉ dinamiese aanbiedingstyl en dit verseker ŉ energieke leergeleentheid. Fokus dalk net daarop om u stemtoon bietjie meer af te wissel.
- U is ook duidelik hoorbaar en u stem projekteer goed tot agter in die lokaal. Maak dalk net seker dat u almal se aandag het voordat u kritiese inligting hanteer en bespreek. Fokus ook daarop om die studente se insette duidelik aan almal te herhaal ten einde te verseker dat niemand uitgesluit voel nie.
- Die “Space Race” waartydens die studente hulle fone gebruik is baie innoverend en verleen verdere dinamiek aan die leergeleentheid.

### 2.3 Afloop

- Die samevatting van die leergeleentheid is nie baie duidelik nie. U kan dalk ŉ kort reflekterende oefening doen waartydens 1 of 2 studente deel wat hulle geleer het in terme van die gestelde uitkomste.

## 3 Algemene indruk

Dit is duidelik dat u die leergeleentheid deeglik beplan het en genoegsame geleentheid is vir die studente geskep om aktief deel te neem aan die leergebeure.

## 4 Evalueringspaneel

(1) Prof Karel Botha

(2) Prof Cornelia Wessels

(3) Dr D van den Berg (AS)

AS

# ITOU 2016: Terugvoer rakende die onaangekondigde kontaksessie

# Potchefstroomkampus

| | |
|---|---|
| **Kandidaat:** | **Tasleem Sayed** |
| **Fakulteit:** | **Gesondheidswetenskappe** |
| **Kontaksessie:** | **Onaangekondig** |
| **Module:** | **BSWG 223** |
| **Onderwerp:** | **Managing communication** |
| **Datum:** | **12 September 2016** |

Hierdie verslag fokus op die kwaliteite in u onderrig-en-leerbenadering wat studente se leer bevorder en ook op dié aspekte waaraan u aandag kan gee met die oog op verbetering van u fasiliteringsvaardighede en ontwikkeling van ‘n leeromgewing.

## 1 Sterk punte

- Dit is weereens duidelik dat u die kontaksessie goed beplan het.
- U skep ŉ dinamiese atmosfeer en die studente is gemaklik om te deel.
- U het ŉ energieke aanbiedingstyl wat die studente aanspoor om insette te lewer.

## 2 Algemene kommentaar en wenke

### 2.1 Aanloop

- Die video wat u vertoon tydens die aanvang van die leergeleentheid is humoristies en sluit aan by die tema van die leergeleentheid.
- Die studente se voorkennis word op ŉ kreatiewe wyse herroep aan die hand van die vasvra. U kan net daarteen waak om nie instruksies te gee terwyl die klas rumoerig is nie aangesien baie daarvan verlore gaan.
- U stel wel die uitkomste en dit verleen struktuur aan die leergeleentheid. U kan in die toekoms dalk net verduidelik waarom hierdie spesifieke uitkomste gekies is en hoe dit inskakel by die geheel van die module.
- U het duidelik ŉ positiewe verhouding met die studente en die humor wat u gebruik is gepas. U kommunikeer op die studente se vlak en hulle skroom nie om na u uit te reik nie.

### 2.2 Verloop

- Die vlak en die pas van die aanbieding is gepas vir die aard van die module en die spesifieke jaargroep.
- U wissel onderrigmetodes genoegsaam af ten einde die dinamiek van die leergeleentheid te behou.

- Die studente is deurlopend op ŉ individuele vlak en binne groepsverband by die leergeleentheid betrek.
- U het duidelik op interaksie gefokus en dinamiese leergeleenthede geskep. Waak net daarteen dat dit nie teveel is en u beheer oor die leergeleentheid verloor nie. Dit is ŉ besige klompie studente en hulle vereis goeie bestuur tydens groepsaktiwiteite.
- U het wel enkele praktiese en outentieke voorbeelde gebruik, maar kan binne hierdie konteks dalk meer op die praktiese dinamika en belewenisse konsentreer wat die studente binne hulle eie groepe ervaar.
- U het die vermoë om konsepte op ŉ baie duidelike en logiese wyse te ontsluit.
- Die inhoudelike word binne die groter geheel van die module en die aard van die praktyk geplaas. Die praktykvoorbeelde wat u noem lei tot ŉ goeie klasbespreking en u hanteer dit goed.
- Die terugvoer uit die groepe en u insette is konstruktief, maar kan nog beter benut en toegepas word.
- U is duidelik baie vaardig met die gebruik van tegnologie en dit ondersteun die leergeleentheid. Die probleme wat opduik word goed hanteer.
- U kommunikeer baie duidelik en op ŉ gepaste wyse met die studente. Waak daarteen dat u soms nie te vinnig praat nie aangesien dit die meerderheid van die studente se tweede taal is.

### 2.3 Afloop

- Die samevatting is aan die hand van refleksie gedoen en u poog duidelik om die studente te betrek. U kan dalk oorweeg om hulle ŉ “one-minute-paper” te laat doen ten einde die besige leergeleentheid rustig af te sluit.

## 3 Algemene indruk

Dit is duidelik dat u die leergeleentheid deeglik beplan het en genoegsame geleentheid is vir die studente geskep om aktief deel te neem aan die leergebeure.

## 4 Evalueringspaneel

(1) Prof Karel Botha

(2) Prof Cornelia Wessels

(3) Dr D van den Berg (AS)